

# Goeiedag, ATKV-lede

Ons wil jou graag uitnooi om deel te neem aan ons Superbru Wêreldbeker-rugbytoernooispeletjie.

Dis maklik, dis pret en dis oop vir almal.

Vir die lede wat al voorheen Superbru gespeel het en dus reeds 'n Superbru-profiel het, klik HIER om deel te word van ons poel.

## As jy nog nie Superbru ken nie

As jy nog nie voorheen Superbru gespeel het nie, klik HIER om jou profiel te skep en by ons poel aan te sluit.

**Die spel werk as volg:**
Tydens die Wêreldbeker-rugbytoernooi is daar vyf rondes voor die kwart-, half- en eindrondes.

Met elke ronde en wedstryd moet jy jou tellings insit. Al wat jy hoef te doen, is om op Superbru in te gaan en dan die span te kies wat jy dink gaan wen, en te voorspel met hoeveel punte jy dink die span gaan wen.

Die stelsel gee dan Superbru-punte aan deelnemers ná elke wedstryd. Dit werk as volg:

- Jy kry 1 punt vir elke wedstryd waar jy die wenner korrek voorspel.
- Dan kry jy ook 0.5 punte vir elke voorspelling wat binne 5 punte is van die werklike punteverskil tussen die spanne. Hulle noem dit 'n "margin point".
- Laastens kan jy 1 punt kry as jy die naaste aan die korrekte punteverskil voorspel het. Dit word gedeel as daar meer as een persoon is wat ewe naby aan die korrekte punteverskil was. Omdat die poel groot is, sal die minimum wat jy hier kan kry 0.25 punte wees (1/4), ongeag hoeveel persone dit deel. Hierdie word "bonus points" genoem in Superbru.

In die kwart-, half- en eindrondes is die wenpunte meer.

**Byvoorbeeld:**
As Suid-Afrika teen Nieu-Seeland speel, kan jy voorspel dat SA sal wen met 12 punte. As die finale telling byvoorbeeld SA – 21 en NZ – 11 is, is die punteverskil 10 punte.

Jy sal dus 1 punt vir die korrekte wenner kry en nog 0.5 omdat jou telling binne 5 punte is van die werklike (10 punte) verskil in die puntetelling.

Dan kan jy dalk ook die bonuspunt kry, of dit deel, afhangend van wat die ander spelers voorspel het.

**Let wel:**
Die puntestelsel is deel van die Superbru-stelsel en die ATKV het geen insette en/of beheer daaroor nie.

## Die rondes

Elke ronde het sy eie wenners en verloorders. Die rondewenners kry die "yellow cap"-toekenning en die persoon wat die swakste gevaar het, kry die houtlepel ("wooden spoon").

Al die punte van die rondes word oorgedra na die toernooipunte, om die uiteindelike toernooiwenner(s) aan te dui.

Ons algehele wenner sal 'n lekker prys wen.

Neem gerus deel aan die pret – en nooi sommer al jou vriende om ook deel te neem.

*Vriendelike groete*



ATKV